

Sing vooraf: Psalm 40:4

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het. Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 145:1

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bid ons om vergewing van ons sondeskuld voor God met Psalm 6:1:

Wet

Psalm 6:1

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 5-3:1 (8:1)

Skriflesing: Maleagi 3:13 – 4:5

Teks: Maleagi 3:14

Julle het gesê: Dit is tevergeefs om God te dien, en wat baat dit ons om sy verordening te onderhou en in rouklere voor die aangesig van die HERE van die leërskaare te wandel? (Maleagi 3:14 AFR1953)

Daar kom tye in elke mens se lewe waarin hy/sy dringend soek na genade. Dit gebeur wanneer die kwaad van die lewe jou byna tot wanhoop wil dryf.

- In sulke tye het ons 'n dringende behoefte dat ons wil hoor dat daar ook vir ons (my/jou) 'n staanplekkie in die son van God se liefde is.

Hierdie teks gaan juis daaroor. Op die dag wat die Here skep, is elkeen van ons die Here se eiendom. Dan het Hy medelye met my/jou omdat ons sy kinders is.

1. Hoe die Here voel oor alles wat Hy in die kerk raaksien

2. Die genade van die Here

1. Hoe die Here voel oor alles wat Hy in die kerk raaksien

Die inhoud van hierdie gedeelte is direk aan kerkmense gerig. Die Here lê twee verwyte voor die deur van die kerkvolk.

- Uit die verwyte kom ons agter dat daar in die kerk twee groepe mense is.
- Die een klomp bevraagteken die Here se gesag en sy openbaring. Uiteindelik bevraagteken hulle die sinvolheid daarvan om die Here te aanbid.

Hierdie verkeerde groep in die kerk bestaan inderdaad uit twee negatiewe groepe:

- Aan die een negatiewe kant word die standpunt gestel van diegene wat sê dat dit nie help om die Here te dien nie.
 - Hierdie mense sê ook dat dit sinneloos is om jouself voor die Here te verneder en berou te betoon oor jou sondes, want dit bring geen voordeel nie.
- Die tweede negatiewe groep is die hoogmoediges wat letterlik die Here tart, en wat met hulle optrede die Here se oordeel uitdaag.

Die positiewe groep verstaan ook nie alles in die lewe nie.

- Maar hulle staan ten minste saam en sê vir mekaar dat hulle nie teen die Here in opstand wil kom nie.
- Hulle sal in Hom bly glo en op Hom bly vertrou – al kry hulle swaar en gebeur daar dinge met hulle wat uit 'n menslike oogpunt vir hulle verkeerd lyk.

Die Here se houding teenoor al hierdie mense word in hierdie gedeelte beskryf.

- Hy let op hulle woorde.
- Hy hoor alles wat hulle sê.
- Al hierdie dinge gaan nie sommer net so by die Here verby nie – Hy trek Hom hierdie dinge aan.

Daarom praat die Here hier reguit met die mense in die kerk.

- Hy verwyt 'n deel van hulle hulle ongeloof.
- Die Here wys hulle daarop dat Hy presies weet wat hulle onder mekaar loop en praat.

Dit is mos so dat ons baie onverantwoordelik kan raak wanneer ons opstandig raak. So was dit destyds ook. Die Here het gehoor dat hulle gesê het:

Dit is nutteloos om God te dien. Watter nut het dit dat ons sy bevel uitgevoer het en in rouklere rondgeloop het voor Hom, die Here die Almagtige?

Dit gaan oor 'n paar belangrike sake waaraan ons moet aandag gee.

- Die eerste is dat hierdie een negatiewe groep met menslike oorwegings na die Here se raadsplan toe gaan.
 - Is dit vir 'n mens nuttig om die Here te dien of nie?
 - Die maatstaf vir hulle is nuttigheid, met ander woorde of ek persoonlike, en veral aardse, voordeel trek uit die aanbidding van die Here of nie.
 - Die redenasie loop dan so dat daar gesê word dat die goddeloses voordeel trek daaruit dat hulle die Here tart, want hulle doen hulle eie ding, en dan kom hulle daarmee weg. So, op die ou end doen hulle goed vir hulleself.
- Die tweede saak wat belangrik is, is die kontras wat hulle skets tussen hulleself en die Here.
 - Hulle kan nie aanvaar dat hulle dit anders moet hê as wat die Here dit het nie.
 - Hulle moet in rouklere rondloop, maar Hy is die Here van die leërskare.
 - Hier het ons te doen met menslike sondige verwaandheid.

In hierdie uitspraak van die mense is die Naam “HERE van die leërskare” uiters belangrik.

- Dit teken die Here in sy hoogste heerlijkheid.
- Dit teken Hom in die vervulling van sy verlossingsraad waar daar majesteit en oneindigheid is wanneer al die hemelse en aardse skepsele voor Hom is, en die praatkore soos die gedruis van baie waters weerklink en ander kere weer die halelle as die hemelkore die lof van God uitsing.

Teenoor die heerlijkheid van God, moet die mens sy sondes bely en sy nederigheid voor die Here betoon.

- Om dit te wys moet hy rouklere aantrek.
- Die Bybel praat baie van wat dit beteken om met rouklere rond te loop.
 - Dit was die manier waarop die mense destyds vir die Here gewys het dat hulle swaarkry, en dat hulle jammer is oor dinge wat hulle verkeerd gedoen het.
 - Hulle het daarmee aangetoon dat hulle nie opstandig is teen die Here nie; hulle onderwerp hulle in hulle swaarkry aan Hom en alles wat Hy oor hulle beskik.
 - Die meeste van die tyd het hulle gevas wanneer hulle rouklere aangetrek het om hulle ootmoedigheid te wys.
(Vergelyk Job 30:28; Psalm 38:7; 42:10; 35:13; Joël 1:13)

Die Here praat met hierdie groep in die kerk wat hulle nie meer aan hierdie gebruik wil onderwerp nie.

- Dit is baie duidelik dat die mens se ongelowige verwaandheid 'n groot rol speel in hierdie mense se siening van hulleself en ook van hulle status voor die Here.
- Die belofte wat die duiwel destyds vir Eva gemaak het dat hulle “soos God sal wees” slaan tog deur in hierdie mense se standpunt dat hulle hulleself nie voor die Here wil verneder terwyl Hy in heerlijkheid sit nie – hulle wil dieselfde voorregte as Hy geniet!

Die Here spreek ook die tweede groep se klag aan, naamlik dat dit vir hulle lyk of dié wat teen God in opstand is, die gelukkiges is, en of dié wat verkeerd doen, vooruitgaan.

- Hulle daag God uit en kom oënskynlik vry! (Maleagi 3:15)

Iewers het die standpunt ontstaan dat die gelowiges gedink het dat dit met mense wat God uitdaag in hierdie lewe slegter moet gaan as met die gelowiges.

- Hulle het die indruk gehad dat die Here sulke mense sou verdelg omdat Hy nie van hulle hou nie.
- Dit gebeur toe natuurlik nie, want in hierdie lewe is die skeiding tussen die uitverkorenes en die verwerptes ook nog nie heeltemal helder nie.

Van die kerkmense het toe opstandig geword, en gesê:

Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van die Here, en in hulle het Hy 'n behae; of waar anders is die God van die reg? (Maleagi 2:17 AFR53)

In hoofstuk 3:1 antwoord die Here dat Hy aan die kom is.

- Vooraf stuur Hy eers 'n boodskapper wat die koms van die Koning sal voorspel.
- Hy sal die weg voor die Koning uit baan. Dit was Johannes die Doper.

Die Here kondig aan dat Hy daarna kom om gerig te hou, en dan gaan Hy sy kerkvolk uitsuiwer. Let op 'n paar dinge van belang:

- Die eerste is dat die Here niks sê van sy oordeel oor die heidennasies nie.
 - Hy praat net van sy oordeel oor die kerkvolk:
 - Die wat die Here behoort te geken het.
- Die tweede is dat die Bybel Jesus Christus hier spesifiek as die **Verbondsengel** beskryf.
- Hy is God wat in sy genadereg oor die mense gaan oordeel.
- Dit sal 'n geweldige moeilike oomblik wees, want die mense sal voor die Here weggebrand word omdat die oordeel van die Verbondsengel soos vuur deur die mense gaan brand (3:2, 4:1).

Al word daar 'n klomp mense vernietig, sien die Here hierdie daad nie as vernietiging nie. Hy sien dit as suiwering van sy kerk. Let op hoe Hy dit doen:

- Hy begin by die Leviete. Dit is die predikante, profete, die geestelike leiers.
- Daarna gaan Hy na Juda toe. Dis die uitverkorenes.
- Die laaste plek wat gesuiwer word, is Jerusalem – die bidplek.

Soos wat dit dikwels in 'n profesie is, verwys dit na twee geleenthede wat met mekaar verband hou – die koms en die wederkoms van die Here Jesus Christus (3:2, 4:1).

- Wie sal die dag van sy koms verdra?
- En wie kan standhou as Hy verskyn? So vra die profeet.

Hy wil hê dat die leser self al die vraag moet antwoord, daarom gee hy eintlik die antwoord in die vraag.

- Julle sê mos dat die Here 'n behae het in die wat kwaad doen. Nou wat dink julle gaan met hulle gebeur as die Here in die verskrikking van sy oordeel kom?
- Meer nog? Wat van jouself? Sal jy kan standhou as die Verbondsengel verskyn en die reg van God begin toepas in sy oordeel?

2. Die Here se genade

In vers 6 word die hele volk tot bekering opgeroep.

- Daar lê straf in die woorde van die Here opgesluit as Hy die volk verwyd dat Hy nie verander het nie.
- Hy is nog steeds dieselfde, daarom het Hy in sy genade nog nie die volk verteer nie.

Waarom het Hy in sy genade nog nie die volk verteer nie?

- Omdat daar tog vromes onder die volk is.
- Die hele volk is nie Godverlaters nie, want daar staan in vers 16 dat die wat die Here vrees, met mekaar gepraat het.
- Hulle het dus die een of ander vergadering gehou, en die ding uitgepraat.

Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer. (Maleagi 3:16 AFR1953)

Daar sal altyd 'n paar mense wees wat nie voor die verkeerde dinge sal swig nie. Dié groepie het 'n bepaalde eienskap:

- Hulle is mense wat eerbied vir die Here het.
- Hulle sal by mekaar uitkom en met mekaar praat oor die dinge wat in die kerk skeefloop – en die Here sal dit hoor en daarop ag slaan.

Die Here doen iets spesiaals met hierdie mense:

- Daar word 'n gedenkboek voor Hom geskryf met die name van dié wat eerbied vir die Here het en waarde heg aan sy Naam.
- Ons kry hierdie boek met die name van die uitverkorenes op 'n hele paar plekke in die Bybel.
- Ons lees dat daar tydens die eindoordeel getoets word of iemand se naam in die boek van die lewe geskryf staan.
- Daar is blykbaar nie 'n boek met die name van die ongelowiges wat verlore gaan nie – daar word net getoets of die persoon se naam in die boek van die lewe is.

Daar is dus 'n geweldige troos in hierdie woorde dat die Here nie verander het nie.

- Hy het in sy liefde vir sy kinders dus ook nie verander nie.
- Hy het in sy genade oor ons ook nie verander nie.

En hulle sal My tot 'n eiendom wees, sê die HERE van die leërskaare, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos 'n man medelyde het met sy seun wat hom dien. (Maleagi 3:17 AFR1953)

Ons hoef nie wonderlike dinge te doen om gered te word nie.

- Ons moet ons net afskei van die wat die Here tart, en ons moet sy Naam en sy almag in alle eerlikheid bely.
- Sulke mense is vir die Here 'n kosbare besitting op die dag as Hy as die Almagtige God ingryp.
- Dan sal Hy goed wees vir ons, soos iemand goed is vir sy seun wat vir hom werk.

Die Here waarsku dat dit swaar sal gaan met hierdie mense wat so opstandig en wantrouig teenoor Hom en sy raadsplan is.

- Die oordeelsdag sal brand soos 'n oond.
- Al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, sal aan die brand gestee word (Maleagi 4:1).

Daarmee profeteer die Here dat sulke mense in die hel sal wees. Daarom laat die Here 'n boek skryf.

- Die Bybel noem dit “'n gedenkboek voor sy aangesig”.
- 'n Boek waarin daar weer genade op genade neergeskryf staan, want hierin word geskryf van die wat die Here vrees.

Wat hier dus baie skerp in die lig staan, is dat die Here nie vergeet watter mense Hom dien nie; Hy merk op wie Hom dien:

- Hy sien hulle en weet van hulle, al laat Hy dit nie nou al duidelik blyk nie.
- Maar Hy skryf dit op vir die dag van die oordeel.

Maar wat word van dié wie se name in die gedenkboek geskryf is?

- Die Here het hulle name tog nie verniet daarin geskryf nie.
- Die Here gee vir hulle die belofte dat Hy dan weer die sosiale orde en waardesisteme sal herstel.

Die onderskeid tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie sal dan weer gesien kan word (Maleagi 3:18).

- Mens dink hier onwillekeurig aan die woorde van Lukas 16 dat die ryk man anderkant 'n kloof is, terwyl die gelowige Lasarus in die hemel is (Lukas 16:21vv).
- Hulle sal God se eiendom wees, sê die Here van die Leërskaare. Hy sal met hulle medelye hê soos 'n man medelye het met sy seun wat hom dien (Maleagi 3:17).
 - Vir hulle sê die Here: *Julle is My eiendom. Julle is My kinders. Vir julle het Ek genade. Hierdie dag wat Ek skep (NAV: die dag as Ek ingryp!) – die oordeelsdag – is die begin van die ewige vreugde vir julle.*
 - Vir almal wat eerbied het vir die Here se Naam, sal die son van redding skyn met genesing in sy strale. Hulle sal vry word en bokspring soos vetgemaakte kalwers.

Ons beland nie sommer vanself deur hierdie dag in die ewige koninkryk van die Here nie.

- Dit gebeur omdat die Here nog 'n dag geskep het (vers 17 praat van albei). Daardie dag het God se Seun gesterf – 'n wrede vloekdood.

- Daardie dag het die Here Jesus Christus God se volle toorn gedra vir ons wat so onvolmaak is, en wat die Here vertoorn het met ons redenasies en wandade.
- Hy het veral gesterf sodat ons daarvan bekeer kan word.

Hy het ook opgestaan uit die dood, en sy liggaam is in die hemel as 'n teëpand van hierdie dag.

- Daarna het die Here se Gees Hom in die hart van die gelowiges tuisgemaak.
- Ons weet daarvan, geliefdes, want hoor ons dan nie die stem van die Heilige Gees nie! Hoe baie keer voel ons nie pyn van berou wanneer Hy ons oortuig van ons ongeregtighede nie.

Let veral op na die praktiese troos wat hierdie gedeelte aan ons bied. Dit gaan nie altyd ewe maklik met ons nie. Soms sukkel ons in die lewe.

- Dit is veral in sulke tye dat ons moet onthou wat die Here hier sê. Wanneer u swaar dae belewe, onthou die beloftes wat die Here hier aan u gee.
- Ek en jy is nie alleen nie, al lyk dit miskien op daardie oomblik so. Dit maak nie saak hoe groot ons stryd en hoe swaar ons pad is nie – die Here gaan saam.
- Die Here sien ons geloofsworsteling raak.
- Hy waardeer dit – daarom skryf die Here die naam van die wat onder groot moeite tot sy eer lewe, in sy Gedenkboek neer.

Ons maak gereed om 'n feesnagmaal te vier. Om die Here aan die Nagmaaltafel te aanbid beteken 'n hele klomp dinge:

- Die Nagmaal is die fees van die Verbondsengel, want die Nagmaal is inderdaad die herinnering aan, en ook lewende gemeenskap met, die versoening wat Hy bewerk het tussen ons sondes en God.
- Dit is 'n lewende belewenis van ons kindskap met die Here.
- Dit is 'n mistieke ontmoeting met God self.
- Dit is om gevoed te word met die produk van die kruis, want die Here sê: Dit is My liggaam wat vir julle gebreek word, en My bloed wat vir julle vergiet word.
- Dit is 'n profetiese oorlewing van die oordeelsdag waarvan Maleagi voorspel het.

Daarom word daar 'n groot verantwoordelikheid voor ons deur gelê:

- Toets die lewe. Toets elke beginsel.
- Maar moet dit nie toets soos wat die mense dit toets nie. Gaan toets dit met die riglyne wat God gee.
- Jy mag moontlik heeltemal alleen staan in jou standpunt, maar as dit gegrond is op die openbaring van die Here, skryf Hy jou naam in die gedenkboek van die lewe.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 18-7:1, 12 (45)

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 15 April 2007